

GEHOORREAKSIE

5.1 INLEIDING

Volgens 'n gehoor se waarneembare reaksie tydens 'n vertolkingsprogram kan in breë trekke die gehoor se begrip en genot, of nie, afgelei word. Enkele opinies word agterna wel mondeling oorgedra, maar gewoonlik bereik slegs die positiewe die regisseur. Ook dit is dikwels vaag en baie algemeen. Daarom is op 'n vraelys besluit om langs hierdie weg meer van die gehoor se gevoelens te wete te kom.

So 'n vraelys het ook sy beperkinge. Die gehoor is meestal nie in 'n stemming om na 'n vertoning 'n lang vraelys in te vul nie. Verder maak die teateropset dit ook moeilik om te skryf. Indringende en gedetailleerde vrae is ook buite die kwessie, want die gemiddelde gehoor is nie sogenaamde kundiges wat met die tegniese terme bekend is nie. Daarom is gepoog om die vrae so kort en eenvoudig moontlik te hou, met moontlike antwoorde waarop besluit kon word. Daar is ook ruimte vir kommentaar gelaat indien iemand daartoe geneë sou voel. Indien die openbaarmaking van iemand se identiteit hom/haar sou verhinder om eerlik te wees kon hy/sy anoniem bly.

Die vraelys het verskeie algemene doelstellings gehad:

Om te bepaal uit watter tipe beroepe die gehoor saamgestel is asook hulle houding teenoor poësie en prosa—of die gehoor daarvan hou en of hulle dit lees (vraag 1 - 4).

Om hulle houding teenoor verstaanbare en onverstaanbare vertolkingsmateriaal te bepaal (vraag 13 en 14).

Om te bepaal of hulle al vantevore vertolkingsprogramme bygewoon en of dit byval gevind het (vraag 15 en 16).

Hier het egter 'n misverstand ontstaan in die interpretasie van dit in vraag 16. Die vraag is gestel met die oog op vorige vertolkingsprogramme, maar uit die kommentaar het dit geblyk dat die meeste

dit op die Visserprogram van toepassing gemaak het.

Die bogenoemde inligting kan met die oog op toekomstige vertolkings= programme vrugbaar gebruik word.

Die spesifieke doel van die vraelys was om die gehoor te toets in verband met hulle bekendheid met Visser (vraag 5), die lees teenoor die hoor en sien van Visser se werk (vraag 6, 7, 8 en 12) en of die vertolking positief of negatief op die betekenis van die woord inge= werk het (vraag 10 en 11).

5.2 VRAELYS

Saam met die vraelys word ook die resultate asook die verwerking na persentasies verskaf.

Ons doen 'n *vriendelike en dringende* beroep op u om asseblief hierdie vraelys in te vul.

Tydens die program sal daar tyd ingeruim word om dit in te vul.

Ons stel graag in u *eerlike* antwoord belang.

NAAM

BEROEP

(Indien verkies kan u anoniem bly)

DEPARTEMENT / AFDELING

Maak 'n kruisie bo-oor die toepaslike antwoord

1.	Hou u van poësie?	JA	SOMS	NEE
		385: 314 82%	70 18%	1 0
2.	Hou u van prosa?	JA	SOMS	NEE
		384: 304 79%	72 19%	8 2%
3.	Lees u poësie?	JA	SOMS	NEE
		385: 224 58%	128 33%	33 9%

4.	Lees u prosa?		JA	SOMS	NEE
		382:	244 64%	114 30%	24 6%
5.	Het u al tevore poësie en prosa van A. G. Visser gelees?	Poësie:	JA	SOMS	NEE
		387:	315 81%	51 13%	21 5%
		Prosa:	JA	SOMS	NEE
		387:	202 52%	70 18%	115 30%
6.	Het die verskyning van artikels en besprekings oor A. G. Visser die afgelope tyd u geïnspireer om sy werk te gaan lees?		JA	NEE	WAS NIE BEWUS DAARVAN
		375:	195 52%	108 29%	72 19%
7.	Sou hierdie vertolkingsprogram oor A. G. Visser u kon inspireer om van sy ander poësie en prosa te gaan lees?		JA	MISKIEN	NEE
		372:	324 87%	44 12%	4 1%
8.	As u genoodsaak was om met A. G. Visser se werk kennis te maak, sou u verkies om				
	a) dit selfstandig te gaan lees?	384:	JA	4	1%
	b) soos vanaand dit te hoor en te sien?		JA	138	36%
	c) beide te lees en te hoor?		JA	242	63%
9.	Geld u antwoord op vraag 8 ook vir letterkunde in die algemeen?		JA	NEE	
		369:	294 80%	75 20%	
10.	Ondersteun vanaand se vertolking die betekenis van die woord? Anders gestel, word dit wat gesê word, duideliker deur die manier waarop dit gesê word?		JA	SOMS	NEE
		377:	341 90%	36 10%	0 0
11.	Trek die vertolking die aandag van die woord af, dit wil sê kyk en luister u meer na die manier van aanbieding as na dit wat gesê word?		JA	SOMS	NEE
		361:	29 8%	113 31%	219 61%
	Enige kommentaar oor die voorafgaande twee vrae:				

12. a)	Het u die prosa geniet?	JA	SOMS	NEE
		383: 375 98%	8 2%	0
b)	Dink u u reaksie sou soortge- lyk gewees het as u dit self gelees het?	JA	NEE	EK WEET NIE
		383: 33 9%	290 76%	60 16%
13.	Dink u verstaanbaarheid (soos by A. G. Visser se werk) is n vereiste vir genot en waarde= ring by enige vertolking?	JA	NEE	
		375: 304 81%	71 19%	
14.	As n gedig duister is, dit wil sê by die eerste aanhoor moeilik begrypbaar is, sal u verkies dat die werk vooraf ontleed en ver= klaar word met die oog op ver= staanbaarheid?	JA	NEE	
		362: 301 83%	61 17%	
15.	Het u al vorige vertolkingspro= gramme bygewoon?	JA	NEE	
		383: 277 72%	106 28%	
16.	Het u dit geniet? (<i>Motiveer asseblief u antwoord</i>)	JA	NEE	
17.	Kommentaar oor enige aspek van vanaand se vertolking.			

BAIE DANKIE.

5.3 ONTLEDING

5.3.1 Algemeen

Slegs 321 persone het hulle beroep ingevul. Die volgende beroepe
het onder die gehoor voorgekom.

STUDENTE : 96

B A 44	B.Sc. 9	B.Comm. 1	Nie gespesifiseer 42
-----------	------------	--------------	-------------------------

DOSENTE : 51

Lettere & Wysbegeerte	Natuurwetenskappe	Ekonomiese wetenskappe
35	12	2

Nie gespesifiseer

2

Huisvrouens	Onderwysers	Skoliere	Sakemense
63	28	16	18
Klerke	Biblioteekpersoneel	Predikante	Joernaliste
17	5	7	4
Pensioenarisse	Boere	Mediese Praktisyns	S A Weermag
3	3	3	2
S A Polisie	Landbou-tegniese Dienste	Kinderhuispersoneel	
1	3	1	

Die gehoor het dus bestaan uit persone van 'n wye verskeidenheid beroepe. Die grootste enkele groep was studente (30%). Myns insiens was dit meer, want volgens die vertolkers was dit veral die studente wat anoniem gebly het. Hierna volg die huisvrouens (20%), dosente (16%) en onderwysers (9%). In die geheel gesien was die grootste deel van die gehoor geletterd maar nie noodwendig kundig ten opsigte van die letterkunde en vertolking nie.

Uit die antwoorde op vraag 1 - 4 is dit duidelik dat die gehoor wel liefhebbers van poësie en prosa is. Hier word aanvaar dat die gemiddelde gehoor se liefde vir die saak en manier van lees nie so intensief is soos dié van letterkundiges en letterkundestudente nie. By die gemiddelde gehoor gaan dit meestal om persoonlike genot. (Die drama is uitgesluit, omdat die gehore ter plaatse slegs van die speel van 'n drama kennis dra en nie van die vertolking daarvan nie.)

Dit is interessant dat poësie gewilder as prosa is, maar tog word prosa meer as poësie gelees. Laasgenoemde is waarskynlik die geval omdat prosa 'n 'storie' het en ook meestal verstaanbaarder is.

Dit is opmerklik dat die lees van poësie en prosa nie ooreenstem met die liefde daarvoor nie. Die poësie daal met 24% en die prosa met 15%. Om die een of ander rede lees die mense minder as wat hulle uit liefde vir die saak graag sou wou doen. Om in hierdie behoefte te voorsien mag moontlik een van die redes wees waarom hulle vertolkingsprogramme bywoon. Volgens die antwoorde wil +80% dan ook die letterkunde hoor, al sou hulle dit gelees het of nog wil lees. Die behoefte om die letterkunde te hoor word ook bewys deur die feit dat reeds 72% van die gehoor vorige vertolkingsprogramme bygewoon het.

Soms word die beswaar geopper dat vertolkingsmateriaal, en dan veral poësie, onverstaanbaar is. Om groter duidelikheid hieromtrent te verkry is vraag 13 en 14 ingevoeg. So veel as 83% voel dat verstaanbaarheid noodsaaklik is, dit wil sê dat begrip tot beter waardering lei. Die meerderheid gee ook te kenne dat hulle verkies dat 'n duister werk vooraf verklaar behoort te word. Dit impliseer myns insiens nie dat sulke materiaal tot in die fynste besonderhede ontleed moet word nie. Die verklaring, hetsy deur kommentaar of programnotas, behoort net genoeg te wees dat die gedig vir die gehoor assimileerbaar sal wees.

5.3.2 Antwoorde wat op Visser betrekking het

So veel as 94% het al met Visser se poësie en 70% met sy prosa kennis gemaak. Visser se werk was dus algemeen bekend by die gehoor, die prosa wel minder as die poësie. Verder was 81% ook bewus van die artikels wat tot in daardie stadium in verskeie tydskrifte en koerante verskyn het. Van hierdie 81% is 64% geïnspireer om Visser se werk te gaan lees of dan weer te gaan lees. Hierteenoor beweer 87% dat hulle deur die vertolkingsprogram geïnspireer is om Visser se werk te gaan lees - dit sluit die 12% uit wat onseker is. Al sou 87% miskien oor-optimisties wees, is dit tog 'n aanduiding van die inspirasie en motivering wat van so 'n vertolkingsprogram kan uitgaan.

Wat die hoor van Visser se werk betref (vraag 8), kan afgelei word dat die program in die behoefte van 99% van die gehoor voorsien het. Slegs 1% (4 persone) wil sy werk bloot lees. (Hier word aanvaar dat

dié wat slegs in lees belangstel, waarskynlik nie die program sou bywoon nie.) Die 1% wat Visser selfstandig wil lees, se antwoord geld nie vir die letterkunde in die algemeen nie, dit wil sê twee persone sou ander letterkunde ook wou hoor. Daar was 36% wat Visser slegs wil hoor en nie lees nie, maar as dit by ander letterkunde kom, is daar 10% wat dit tog ook wel wil lees. Van die 63% wat Visser beide wil lees en hoor, is daar 8,6% wat ander letterkunde òf net wil hoor òf net wil lees. Laasgenoemde is in hierdie geval die waarskynlikste.

Vir 20% hang die hoor of lees daarvan af van die tipe letterkunde of van die skrywer. Die volgende persentasies geld vir letterkunde in die algemeen:

LEES	HOOR	LEES EN HOOR
9% - 20%	26% - 34%	55% - 65%

Dat slegs 1% Visser se werk bloot net wil lees teenoor die 9%-20% wat ander letterkunde slegs wil lees, is 'n bewys van die feit dat Visser, in teenstelling met ander letterkunde, liever gehoor wil word. By implikasie ondersteun dit die standpunt dat Visser se werk vir vertolking uiters geskik is.

Slegs 10% was die mening toegedaan dat die vertolking *nie altyd* die betekenis van die woord ondersteun het nie. Van die 10% (36) dink 0,8% (3) dat die vertolking die aandag van die woord *aftrek*, 5,3% (20) dink dat dit *soms* gebeur, en 3,4% (13) dink dat dit *nie* gebeur het nie. Die eienaardige verskynsel kom voor dat 6,9% van die 8%, dit wil sê 25 van die 29, wat meen dat die vertolking die aandag van die woord *aftrek* nogtans dink die vertolking ondersteun die woord - 1,1% van die 8% meen dat die woord *nie altyd ondersteun* is nie. Van die 31% wat meen dat die vertolking *soms* die aandag op sigself trek, dink 25,8% dat die vertolking *wel* die woord *ondersteun* en 5,5% meen dat dit *nie altyd* die geval was nie.

Met die uitsondering van bogenoemde was die meerderheid van mening dat die vertolking *wel* die woord *ondersteun* (90%) en *nie* die aandag *aftrek* nie (61%). In die bogenoemde bespreking word met vertolking die aanbieding in geheel bedoel, dit wil sê, stem, gelaatspel, ge-

bare en bewegings.

Met die uitsondering van 2%, wat die prosa *nie altyd* geniet het nie, het *almal* die prosa geniet. Van die 98% meen 76% dat hulle dit *nie* so sou geniet het as hulle dit self moes gaan lees het nie; 16% weet nie hoe hulle op lees sou reageer nie. Van die 2% (8) wat dit *soms* geniet het, meen een dat dit dieselfde sou gewees het as hy/sy dit self moes lees, drie weet nie hoe hulle op die lees sou reageer nie, en vier meen dat hulle *nie* dieselfde sou reageer nie. In laasgenoemde geval kan dit twee dinge impliseer: hulle sou dit òf *meer* òf *minder* geniet het as hulle dit gaan lees het. (Persentasies is nie gebruik nie, omdat die getalle klein is.) Hieruit word afgelei dat Visser se prosa by uitstek vertolkingsmateriaal is.

Vervolgens word enkele persone se kommentaar weergegee.

5.4 GEHOORKOMMENTAAR

5.4.1 A. G. Visser

- * Dit was puik aangebied en daar is nou meer waardering vir die digter A. G. Visser.
Lektrise - Verpleegkunde
- * Dit het Visser laat lewe en na my gevoel ook die tyd van Visser.
Predikant
- * Sommige werke wat 'n mens alleen gelees het, het deur die vertolking nuwe betekenis gekry.
Onderwyser
- * Die vertolking is getrou aan die skrywer se bedoeling.
Student - B A
- * Ek hou nie van Visser se werk nie, maar vanaand het ek hom waardeer.
Student - B A

- * Omdat ek soveel self gelees het, was dit 'n belewenis om ander se vertolking daarvan mee te maak.
Klerk

- * Vir 'n huisvrou met min tyd om weer Visser se werk te gaan lees, was dit pragtig. Sou graag weer môre wou kom luister.
Huisvrou

- * Het waardering en liefde vir Visser gekweek.
Predikant

- * Die aanbieding was puik en dien beslis as inspirasie om Visser se werk verder te bestudeer.
Student

- * Dis asof 'n mens eintlik deur hierdie program meer bewus word van die skoonheid van die taal- en veral soos deur Visser gebruik.
Student

- * Die vertolking was myns insiens Visser se werk waardig en het selfs die evokatiewe inhoud geïntensiveer.
Student - B A

- * Visser is 'n digter wat slegs geniet moet word en dié vertolkingsprogram het sy werk genotvol laat lewe.
Student

5.4.2 Lees versus vertolking

- * Hoewel ek baie lief is om op my eie te lees en te geniet, vind ek tog dat die vertolkingsprogramme soms vir my nuanserings na vore bring wat tevore by my verbygegaan het. Dan is daar altyd ook die genot om iets wat jy ken en waarvan jy hou, weer te hoor, saam met ander mense.
Dosent - B A

- * Teenswoordig word daar myns insiens te min klem gelê op die effektiwiteit van die gesproke woord. Daarom is so 'n puik vertolking 'n bron van nuwe hoop dat meer klem daarop gelê sal word.
Pensioenaris

- * Die vertolking bring die kleur en klank van die woord na vore - dit bring groter genieting van die skrywer se kuns.
Dosent

- * 'n Vertolkingsprogram laat my kennis maak met mense se werk, waarmee ek andersins nie sou kennis gemaak het nie.
Onderwyser

- * Onbekend maak dikwels onbemind. Deur vertolking word die vreemde onbekende iets wat ons leer ken en begryp.
Huisvrou

- * Dit sal maak dat ek meer gedigte self lees. Dit was puik. Meer programme van die aard sal gewaardeer word.
Huisvrou

- * Die programme help mens om dinge beter te begryp en meer te geniet saam met ander mense wat 'n gemeenskaplike liefde het as jy - poësie.
Dosent

- * Verstaanbare of onverstaanbare gedigte word duideliker en is baie aangenaam om na te luister. Dit is in elk geval beter as om dit self te lees.
S A Poliekonstabel

- * By vertolking van 'n digter se werk kan die regte stemtoon, houding ens. die prosa/gedig meer tot sy reg laat kom.
Biblioteekaresse

- * Waardeer poësie meer op dié manier.
Student - B A

- * Ek dink dat 'n aanbieding soos hierdie meer waarde het as 'n mens gedigte hoor (tesame met beweging), sien en dat 'n mens dit ook meer geniet.
Biblioteek-assistente
- * Die meeste poësie is geskryf om gehoor te word. Prosa is 'n verhaal (storie) wat vertel word, dus is dit goed indien dit aanskoulik vertel word (dramatiseer).
Dosent - Spraakleer en Drama
- * Ek geniet dit om poësie te lees en as ek dit kan hoor en sien, geniet ek dit des te meer, omdat dit duideliker tot 'n mens spreek.
Huisvrou
- * Die vertolking bied 'n ander perspektief as 'n eie op die werk. Hoewel vertolking nie 'n vereiste is vir die verstaanbaarheid nie, kom daar tog iets van die digter se lewende werk te voorskyn.
Joernalis - The Star

5.4.3 Vertolking en beweging

- * As 'n mens nie die werk as literatuur goed ken nie, trek die vertolking soms die aandag van die woord af - maar dit behels eintlik dissipline van die gehoor se kant. Dit het die poësie lewend gemaak en sommige aspekte van die poësie/prosa ontgin deur beweging, gebaar en gesigspel, wat nie voorheen so duidelik was nie.
Student - B A
- * The prose dramatization was very enjoyable, while that of the poetry detracted a little from the word. It was my first introduction to Afrikaans poetry and the sound richness impressed me very much especially as I could not understand everything. In that respect, dramatization helped. The prose and comic pieces were very well timed.
Student - B A

- * Ek het dit geniet omdat dit, soos vanaand, werklik eerlik en met eenvoud voorgedra is en nie oorgedramatiseer is nie.
Huisvrou

- * Die kommunikasie tussen vertolkers en gehoor, maak dit moontlik vir die gehoor om die gekommunikeerde baie beter te verstaan en te waardeer.
Student - B A

- * Dit bring die kant van die digter na vore. Dit laat die woorde werklik lewe.
Sielkundige

- * Die vertolking daarvan maak dit veral baie meer verstaanbaar, tog is die vertolking soms 'n bietjie ondergeskik aan die woord, wat dan die aandag aftrek.
Student - LL B

- * Deur die vertolking is daar 'n baie meer intieme kommunikasie tussen hoorder en verteller en so kom die digter soveel sterker na vore.
Student - B A

- * Omdat kommunikasie op dié wyse plaasvind en skrif dan werklik taal word.
Onderwyser

- * Die op aandag staan en opsê van 'n gediggie geval my nie. Die beweging beklemtoon eerder die woorde.
Onderwyser

- * Die gebare en gesigspel is so uitstekend dat dit wel soms die aandag van die woord aftrek, maar tog gaan dit juis saam om die woord toe te lig.
Student

- * Subtiele bewegings het die woord pragtig gesteun.
Dosent - Musiek

- * Woord en vertolking mooi gesinchroniseer - ware betekenis kom na vore.
Dosent - Afrikaans-Nederlands
- * By veral die kinderwerk is die bewegings goed gemotiveer.
Dosent - Onderwyskollege en Honns. B A-student
- * Vanaand se vertolking was met soveel oorleg gedoen, dat die manier van aanbieding telkens die woorde onderstreep het.
Dosent
- * Die bewegingshulp het beslis die vertolking van die woord verstewig.
Voorligtingsbeampte

5.4.4 Spraak

- * Hier en daar swak artikulasie - veral waar daar vinnig gepraat is.
Anoniem
- * Uitspraak was duidelik sodat selfs die minder bekendes goed gevolg kon word.
Onderwyser
- * Artikulasie van sekere lede 'n bietjie slordig.
Student - B A
- * Die spraak was duidelik en helder by alle studente.
Onderwyseres

5.4.5 Sang

- * Manier van aanbieding het gepas by aard van Visser se werk.
Sang in portaal gedurende pouse was 'n baie goeie idee.
Student - B A (Kommunikasiekunde)

- * Die sang met begeleiding was besonder treffend - pragtig!
Student - B.Mus.
- * Die sang tydens die opvoering asook tydens pouse was baie geslaagd.
Student

5.4.6 Kostuum

- * Die kleur van die kostuums is baie mooi.
Anoniem
- * The costumes were unattractive and distracting - neutrality was'nt achieved (if intended) since they accentuated features (positive and negative).
Dosent - Musiek
- * Al wat enigsins hinderlik was, was 'n onnette uitvoering van 'n pragtige kostuumontwerp.
Huisvrou

5.4.7 Dekor

- * Die gebrek aan enige dekor het bewys dat dit by 'n vertolkingsprogram soos hierdie een heeltemal onnodig en oorbodig sou wees.
Onderwyseres
- * Die algehele strakheid van die dekor het die aandag gedwing tot die krag en rykheid in die werk en optrede.
Kunsstudent - Universiteit van die Witwatersrand

5.4.8 Beligting

- * Beligting het my persoonlik gepla en nie die spel gekomplementeer nie.

Dosent - Spraakleer en drama

- * Beligting baie goed en effektief.

Student - B A (Kommunikasiekunde)

5.4.9 Klank

- * Die stemming wat geskep is, byvoorbeeld deur die fluitspel, was besonder effektief. Ek is nie altyd ten gunste van musiek as agtergrond by die vertolking van poësie nie, maar dit was in dié besondere geval geslaagd.

Predikantsvrou

5.4.10 Aanbieding in die algemeen

- * Skitterend, dartelend en speels met onverwagse dieptevisie van erns en werklikheidswaarde - soos A. G. Visser self. Ek is trots op julle - wens die res van ons land en sy mense kon dit ook so meemaak.

Rektor - PU vir CHO

- * Die aaneenlopendheid van die program was 'n bate, in die sin dat ons vir geen oomblik kans gegun is om te wonder wat nou gaan volg nie. Die voordrag was meer as een keer onvolgbaar vinnig.

Dosent - Wiskunde

- * Geluk met 'n aanskoulike en genotvolle aanbieding waar Visser nog vandag ook sy sê kan sê tot ons verryking en genot.

Onderwyser

- * Dit was fleurig, dit was fyn en met goeie smaak aangebied.
Student

- * Die eerste deeltjie was vir my effens onnatuurlik 'styf',
maar dalk moes 'n mens maar eers die koorspraak gewoond raak.
"Die roos" - nie die gees van die gedig mooi weergegee
nie. In geheel - genotvol.
Onderwyseres

- * Die sprankelende aanbieding het die poësie 'n werklikheid
gemaak.
Direkteur

- * Die program kon langer gewees het - miskien meer van die
ernstige gedigte. Miskien kan programaantekeninge vreemde
woorde verduidelik. Baie verstaan dit nie.
Student - B A (Kommunikasiekunde)

- * Dit was geen lang uitgerekte program nie.
Student

- * 'n Goed saamgestelde program. Oorgange baie flink en selfs
aanskoulik. Invalle baie goed. Gebruik van verhoog baie
goed.
Dosent - Spraakleer en Drama

- * The 'tempo' and 'dynamics' were the strongest aspects -
as a complete foreigner to Visser's work, these aspects were
enough to keep me entertained throughout. Changes of
mood -subtle and convincing.
Dosent - Musiek

- * Geniet altyd enigiets wat so perfek afgerond en aangebied
word.
Onderwyser

- * Ek het dit geweldig geniet, veral ook omdat ons byna vyf jaar
in Heidelberg gewoon het. Wat van 'n aanbieding in Heidel=
berg self? U sal daar geweldig ingang vind.
Predikant

- * Met dié vraag moet u waardeer dat ek nie 'algemene publiek' is nie, want ek het albei drama en Afrikaans bestudeer. Ek was hoogs beïndruk. Soms het die sin van die woorde verdwaal geraak in die 'gesing' van die reëls. Die bewegings ens. was uitstekend. Ek het die aand baie geniet en baie geleer.
Onderwyser - Engels en drama
- * Omdat ek poësie redelik ken, geniet ek die programme gewoonlik as dit so goed soos vanaand aangebied word. Baie dankie vir so 'n mooi gebalanseerde program.
Dosente - Onderwyskollege en M A student in Afrikaans-Nederlands
- * Dit was 'n belewenis! Veral vir my, want ek het wyle dr. A. G. Visser persoonlik geken. Die studente het hulle uitstekend van hulle taak gekwyt. Die vertolking was baie insigwend. A. G. Visser het weer vir my geleeft!
Afgetrede onderwyser - Lichtenburg

5.5 BESLUIT

5.5.1 A. G. Visser

Die bogenoemde kommentaar gee 'n min of meer verteenwoordigende beeld van die gehore se reaksie. Wat miskien bygevoeg kan word, is die melding wat baie van die vlotheid en afgerondheid van die aanbieding, die spontane genot en inlewing en die besondere sprankeling van die vertolkers gemaak het. Volgens die kommentaar het die aanbieding ook die ouer garde se jeug in herinnering geroep, toe Visser deur hulle voorgedra en geniet is. Nie baie het kommentaar oor die dekor, kostuum, beligting, klank en spraaktegniek van die vertolkers gelewer nie. Hiermee word aanvaar dat hierdie aspekte nie as sodanig opgeval het nie, hetsy positief of negatief.

Negatiewe kritiek was heeltemal in die minderheid. Dit is onder andere te danke aan die feit dat die gehore nie as kundige kritici nie maar bloot met die oog op genot na die aanbieding geluister het -

genot, wat in begripvolle vertolking gesetel en empaties deur die vertolkers op die gehoor oorgedra is. Dit was dus die evaluering van die gemiddelde teaterganger, wat egter tog wel met Visser se werk vertrouwd was, en reeds 72% het reeds met vertolking kennis gemaak.

Gesien in hierdie lig en volgens die reaksie van die gehore het die aanbieding myns insiens wel in sy doel geslaag, naamlik die effektiewe oordrag van A. G. Visser se werk. Die vermoede en bewering dat Visser se werk hoogs vertolkbaar is, is ongetwyfeld deur die algemene reaksie bevestig. Selfs diegene wat gemeen het dat die vertolking soms die aandag aftrek, was meestal die mening toegedaan dat die woord tog by die vertolking gebaat het. Vir die oningewydes het dit begrip en waardering gebring, en die kenners het opnuut geniet, en nuwe betekenisnuanses het na vore getree.

Bo alles is die werk geniet, dit wat dikwels by die lees of bestuur daarvan verlore gaan. Die bedoeling van veral Visser se werk, naamlik genot, gaan dikwels verlore in 'n kritiese ontleding en die daarmee gepaardgaande bewustheid van die gebrek aan literêre kwaliteite. Die bedoeling was egter nie om Visser se negatiewe kwaliteite te verdoesel of die positiewe te verbeter nie, maar om daardie aspek van sy werk wat nie altyd raakgesien word nie, te beklemtoon. Dit is dat Visser se werk vanweë die aard daarvan as 't ware bedoel is om vertolk en geniet te word. Myns insiens verleen vertolking die regte en vereiste dimensie aan Visser se poësie en prosa.

5.5.2 Algemeen

5.5.2.1 Regisseur

Die rol wat 'n regisseur tydens die instudering van 'n vertolkingsaanbieding vervul, is reeds in hoofstuk 3 bespreek. Hier word verder, na aanleiding van dit wat uit eie ervaring geleer is, in die algemeen oor die taak van die regisseur besin. Die hieropvolgende is 'n ideaal waarna gestreef moet word, en beteken nie dat dit tydens die onderhawige aanbieding altyd die geval was nie. Die

menslike faktor het verhoed dat die ideaal bereik is.

Dit is van wesenlike belang dat 'n regisseur vir hom 'n doel stel en dan sy werkmetode hiervolgens rig. Die doel van 'n vertolkingsaanbieding is gewoonlik drieledig: die opleiding van vertolkers in veral ensemblewerk; die ontginning en uitdra van die letterkunde vir beide die vertolkers en veral vir die gehoor; die bereiking van 'n artistiek bevredigende eindproduk.

Die regisseur moet dus aan die vertolker se opleiding, die eise van die materiaal, die verwagtinge van die gehoor en 'n estetiese eindproduk reg laat geskied. Veral vanweë die tooiloosheid van 'n vertolkingsaanbieding moet dit nie minderwaardig of onafgerond voorkom nie, omdat die sogenaamde moeilike of vervelige letterkunde dikwels daarvoor geblameer word. Die minder visuele aard daarvan vereis dat die aanbieding so goed afgerond en vlot as moontlik moet verloop.

Veral aan 'n akademiese en opvoedkundige inrigting moet die regisseur nie net met die oog op 'n geslaagde en estetiese eindproduk werk nie. Hy moet ook en veral vertolkers oplei. Die instudering en aanbieding is in werklikheid ook 'n klaslokaal waar die vertolker ten opsigte van sy estetiese, tegniese en kommunikatiewe vermoëns onderrig moet word. Die regisseur moet in die eerste plek nie aan homself en sy produk dink nie maar aan die student wat na die aanbieding 'n beter vertolker en 'n ryper mens behoort te wees. Veral die metode van instudering moet hiervolgens bepaal word. Die regisseur behoort die student altyd ten opsigte van die keuse van materiaal, die vertolking, beweging en die tegniese aspekte van die aanbieding te motiveer. Die vertolker moet nie net onwetend navolg nie maar gemotiveerd en volgens 'n oortuiging handel. Eers dan ondergaan die vertolker ook 'n leerproses.

'n Geordende werkmetode wat met dissipline toegepas word, is van kardinale belang om die doelstellings van 'n aanbieding te verwesenlik. Indien dit nie die geval is nie, kan die hele proses van instudering maklik in chaos verval, veral by 'n vertolkingsprogram met sy baie afsonderlike nommers wat eers tydens die aaneenskakelingsfase tot 'n eenheid saamgevoeg word. Daar is egter nie 'n resepsie vir 'n ge-

slaagde werkmetode nie. Hierin lê die probleem maar ook die uitdaging. Elke regisseur moet sy metode volgens sy persoonlikheid toepas en dit met elke nuwe aanbieding verbeter en verfyn. Hierdie metode moet egter altyd met die ander party, naamlik die vertolkers, rekening hou. Dit moet by die verskillende omstandighede aangepas word, omdat geen twee groepe en programme dieselfde vereistes stel nie.

'n Baie belangrike aspek wat 'n goeie werkmetode bewerkstellig, is die regisseur se deeglike voorbereiding en die kundigheid wat hy positiesief en geesdriftig aan die vertolkers moet oordra. Dit geld nie net kundigheid wat die vertolking betref nie, maar ook ten opsigte van die tegniese aspekte en die funksionering daarvan. Dit stel die regisseur enersyds in staat om tydens die tegniese repetisies leiding te gee en andersyds om ook begrip vir hulle probleme te hê. Verder ontwikkel dit by die vertolkers 'n gevoel van sekerheid en vertroue as die regisseur goed voorberei is en met gesag kan praat. Die ingesteldheid van die regisseur word ook onbewus op die vertolkers oorgedra, en hy moet deurgaans vir 'n goeie onderlinge verhouding sorg. Om hierdie rede is dit belangrik dat 'n regisseur 'n aanbieding lewer waarvan hy in die eerste plek hou en waarvoor hy die nodige aanvoeling het, en waarvan die letterkundige materiaal in die tweede plek binne die regisseur se skeppingsvermoë en die vertolkers se vertolkingsvermoë val.

'n Volgende belangrike aspek is die maksimale benutting van tyd. Dit vereis 'n snelle en funksionele afhandeling van administratiewe sake asook 'n deeglike beplanning vooraf. Wanneer daar gewerk word, moet dit intens en doelgerig geskied, sodat dit nie nodig is om te veel tyd aan een nommer te bestee nie. Die instudering moet ook sodanig beplan word dat nie-deelnemende vertolkers se tyd nie onnodig verspil word nie, wat by die aaneenskakeling van die program egter onvermydelik is. Dit is byvoorbeeld nie nodig dat die vertolkers by die tydrowende beplanning en eerste toetsing van die bevestiging en klank teenwoordig hoef te wees nie.

'n Probleem by 'n aanbieding en veral by groepvertolking is dat dit baie goed ingestudeer maar tog nie oorgerepeteer moet wees nie. Indien laasgenoemde die geval sou wees, kan by die vertolkers 'n gevoel van

antipatie ontstaan en kan die aanbieding maklik meganies en sonder gevoel voorkom. Hierdie probleem moet die regisseur volgens eie beoordeling van die afgerondheid van die werk en die gevoel van die vertolkers probeer ondervang deur meer of minder te repeteer.

Ten slotte is dit belangrik dat die regisseur na aanleiding van die vertolkers se reaksie tydens die instudering en na afloop van die aanbieding selfkritiek moet toepas. Sodoende kan die regisseur telkens met 'n meer funksionele metode 'n volgende aanbieding aanpak.

5.5.2.2 Vertolkers

Afgesien van die onderrig wat 'n vertolker ten opsigte van die estetiese, tegniese en kommunikatiewe aspekte van vertolking ontvang, is daar talle ander aspekte waarby die vertolker by 'n groeepaanbieding kan baat.

Die intensiewe omgang met die letterkunde tydens so 'n instudering, sodat die letterkunde feitlik deel van die vertolker word, het vir hom 'n besondere waarde. Die vertolker ontwikkel gou 'n persoonlike smaak en 'n onderskeidingsvermoë tussen letterkunde van verskillende gehalte.

Die hele proses van instudering en aanbieding vereis van die vertolker baie goeie dissipline. Tydens die instudering word stiptheid, konsentrasie, gereelde memorisering en fisieke inspanning vereis. Die aanbieding met die wisseling van groeperings en beweging, die op- en afgaan van vertolkers, die stilte tydens die aanbieding, ensovoorts, kan alleen vlot en ordelik verloop as die vertolkers gedissiplineerd is. Dit gaan egter ook verder, want dit eis van elke vertolker 'n sekere dissipline om in 'n groep op te tree en by die regisseur en medevertolkers aan te pas. In 'n groeepaanbieding is daar dus nie vir onaanpasbare en eksentrieke vertolkers plek nie. Veral koorwerk, waar daar saam gedink, gevoel en gedoen word, vereis 'n groep vertolkers wat as 'n hegte eenheid moet funksioneer. Hierdie dissipline van aanpassing en aanvaarding is vir die studente beide as vertolkers en as mense van groot vormende waarde. In hierdie proses word gewoonlik ook 'n aangename en positiewe groeps-

gees opgebou.

'n Groepaanbieding gaan in vergelyking met 'n individuele optrede gewoonlik ook met veel minder spanning gepaard, en gevolglik kan die vertolkers meer tot hulle reg kom. Langs hierdie weg kan 'n hiper=gespanne vertolker moontlik leer om sy spanning te verwerk om later met minder gespannenheid op te tree.

Die vertolking in groepverband kan veral vir die minder begaafde en skugter vertolker van groot waarde wees. So 'n vertolker, wat miskien nie individueel so geslaagd kan optree nie, leef hom/haar binne die groep waar nie al die aandag op hom/haar gevestig is nie, tog bevredigend uit. Op hierdie wyse verkry die vertolker self=vertroue. Dit kom ook dikwels voor dat die minder begaafde vertolker deur die ervaring en navolging van ander en meer begaafde vertolkers verbeter word.

'n Verdere leerskool wat die vertolker ondergaan, is die aanpassing by die tegniese aspekte van 'n teateraanbieding:

om in 'n sekere kostuum op 'n bepaalde dekor te beweeg;

om moontlik saam met 'n klankopname te vertolk en veral die vertolking se volume daarby aan te pas;

om by die beligting in te skakel, dit wil sê om nie te handel tensy die lig ten volle in- of uitgedoof het nie, en om tydens die vertolking deurgaans binne die ligkol te bly.

Omdat die vertolkers in 'n eksamensituasie of met buiteoptredes gewoonlik sonder die bogenoemde tegniese hulpmiddels optree, is die ondervinding wat hulle in dié verband opdoen, van groot waarde, veral as hulle later in 'n eie beroep staan waar hulle moontlik met die teater of verhoog met sy tegniese probleme gekonfronteer kan word.

Die unieke kommunikasieproses met 'n lewendige gehoor wat van aanbidding tot aanbidding wissel, leer die vertolkers om by 'n gehoor aan te pas. Veral met 'n aanbidding waar die gehoor sterk uiterlik reageer, is die vertolker se hantering van die gehoor van groot belang. Om met 'n gehoor gekonfronteer te word en hulle dan korrek

te hanteer is baie belangrik vir die welslae van 'n vertolking. Hierin lê myns insiens een van die belangrikste waardes vir die vertolkers, daar hulle meestal binne 'n klassituasie voor eksaminatore optree, wat nie die normale gehoor is waarmee 'n vertolker andersins te doen sal kry nie. Die kommunikasieproses tydens 'n aanbieding leer die vertolkers hoe om hulle persoonlikheid te gebruik en by implikasie ook te ontwikkel.

5.5.2.3 Gehoor

Die volgende afleidings is geformuleer na aanleiding van die kommentaar op die vraelyste, maar ook na aanleiding van reaksies op vorige vertolkingsaanbiedings. Dit het dus nie net op die gehoor van die Visserprogram betrekking nie.

'n Vertolkingsaanbieding voorsien in die behoefte van die liefhebber wat nie altyd genoeg tyd het om self te gaan lees nie.

Dit bring verder literatuur onder die aandag van persone wat andersins nie daarmee kennis sou maak het nie.

Die inspirasie wat van 'n geslaagde vertolkingsprogram uitgaan, kweek 'n liefde vir die letterkunde. Dit kan selfs sommige inspireer om die werke te gaan lees. So kan 'n groter leserspubliek tot stand gebring word.

Die woord van die skrywer bereik 'n breër publiek. Dit bly dus nie net tot die baie klein groepie studente in die letterkunde beperk nie - studente hier in die wydste sin van die woord.

Vir sommige ingewydes en kenners van die letterkunde blyk dit interessant te wees om die letterkunde op hierdie wyse, anders as die eie ervaring, te belewe.

Vertolking laat veral die wese van poësie en met name klank en ritme, in die gesproke taal tot sy reg kom - veral vir diegene wat dit nie in eie verbeelding kan realiseer nie.

Die kommunikasieproses tussen die letterkunde, vertolker en gehoor werk bevrugterend op die begrip en waardering van die literatuur in. Die doel van die literatuur, hetsy sterk betrokke of bloot as estetiese bevrediging, kan tydens geslaagde kommunikasie effektief oorgedra word.

Die belewing van die letterkunde binne groepsverband bied iets anders, iets ekstra, wat nie altyd die geval is as dit individueel en met die lees daarvan ervaar word nie.

Die vertolkingsaanbieding waar die wêreld van die literatuur deur middel van die vertolker beleef word, bied nie net uiterlike genot nie maar verryk die ervaringsveld van al die betrokkenes sodanig dat elke geslaagde aanbieding 'n opvoedingsdaad is. Indien die materiaal geskik is en die vertolker dit empaties op die gehoor oordra, dit wil sê as die letterkunde, die vertolker en die gehoor effektief by mekaar uitkom, is 'n vertolkingsaanbieding ook 'n bevredigende teaterervaring en 'n lewende kuns.

Eksaminatore en belangstellende lesers word verwys na 'n bandopname, getiteld: *A. G. Visser - Die sanger van die Suikerbosrand*, in die klankargief van die departement Spraakleer en Drama, P U vir C H O. Dit waarom dit in 'n groot mate in hierdie verhandeling gaan, kan aan die hand van 'n opname in die teenwoordigheid van 'n gehoor geverifieer word.

A. G. VISSER - A DIMENSION IN ORAL INTERPRETATION

AIM

Firstly, the aim in writing this dissertation is to prove my premise that the poetry and prose of A. G. Visser is pre-eminently suitable for oral interpretation, by demonstrating it practically in a programme. This programme was to prove the statement that, because of the nature and aim of Visser's poetry and prose, it would be better realised in a programme of oral interpretation than by merely reading it. Secondly, this dissertation is meant to serve as a rendering of the planning, rehearsing, and presentation of a programme with, as an example, a programme of homage to Visser, entitled *Die sanger van die Suikerbosrand* (The singer from the Suikerbosrand).

METHOD

In *Chapter 1*, which also serves as introduction, the title and theme are discussed and described in detail. Firstly, reasons are offered why A. G. Visser's work is considered extremely suitable for oral interpretation. Secondly, in order to define the concept "oral interpretation", a definition of oral interpretation is given and discussed briefly. In conclusion, it is claimed that by interpreting literature, an extra or third dimension, according to Beloof (1966: 1), is added to it.

Chapter 2 is given to the discussion of the interpretation of the three genres, viz. poetry, prose, and drama, and also to the presentation of a programme. Special emphasis is given to group presentation and the use of voice, facial expression, gestures, and movement accompanying the presentation. Distinction is made between the presentation of a single work of great dimensions, such as a novel, drama or long epic poem, and a compound programme. Distinction is also made between the ordinary programme and the lecture recital. The characteristics of each are discussed and illustrated.

In *Chapter 3* the preparation, planning, rehearsing, and staging of a programme are discussed, again taking *Die sanger van die Suikerbosrand* as example. The compilation of the programme as well as the four phases of rehearsal, viz. orientation phase, planning and repetition, linking or connecting phase, and technical phase are discussed. The technical phase is the stage when rehearsals demand merging of final decor, costumes, lighting and sound.

Chapter 4 commences with a background study of A. G. Visser. It comprises a short historical survey, and a discussion of Visser's poetry and prose. Love poems, patriotic poems, children's poems, and humorous poems especially are discussed, as a selection of these has been included in the programme. Next, the text of *Die sanger van die Suikerbosrand* is given. On it, phrasing and stress, as well as tone, tempo and volume are indicated. On the left-hand page, facing the text, notes on the text are given. This includes biographical data where indicated, a discussion of the work, and an explication of unfamiliar terms or concepts. Also, a detailed presentation of each work is given, including the interpretation, grouping, movements, lighting and sound effects.

Chapter 5 concludes the dissertation, and is an analysis of questionnaires handed to audiences at the conclusion of each presentation. The questions concerned the Visser programme in particular but also oral interpretation in general. The conclusion was reached that the Visser programme was successful, as judged by comment on the questionnaire. Also, the surmise that Visser's work is pre-eminently suitable for interpretation was confirmed by the audiences. In conclusion the dissertation reflects on the task of the director, and the possible value a programme has for participants and audiences.

B I B L I O G R A F I E

GEBRUIKTE TEKSTE

- VISSER, A. G. 1940. Rose van herinnering. Pretoria, Van Schaik.
- VISSER, A. G. 1944. Die purper iris. Kaapstad, Nasionale Pers.
- VISSER, A. G. 1946. Gedigte. Pretoria, Van Schaik.
- VISSER, A. G. 1948. Uit ons prille jeug. Kaapstad, Nasionale Pers.
- VISSER, A. G. 1969. Joernaalaand. Kaapstad, Tafelberg.

ANDER BRONNE

- ABEL, Leslie G. & POST, R. M. 1973. Towards a poor readers theatre. *The quarterly journal of speech*, 59(4): 436-442, Des.
- ARMSTRONG, C. & BRANDES, P. D. 1963. The oral interpretation of literature. N. Y., McGraw-Hill. 330p.
- BACON, W. A. 1966. The art of interpretation. N. Y., Holt, Rinehart and Winston. 396p.
- BELLOOF, R. 1966. The performing voice in literature. Boston, Little, Brown. 520p.
- BENSON, A. W. 1968. The dramatic director and readers theatre: blessing or curse? *The speech teacher*, 17(4): 328-330, Nov.
- BERRY, F. 1962. Introductory. (*In Poetry and the physical voice*. London, Routledge & Kegan Paul. p. 3 - 43).
- BOTHA, Elizabeth M. 1972. Vertolking van die woordkunswerk in die twintigste eeu. (Ongepubliseerde D.Litt-proefskrif, P U vir C H O). 645p.
- BROOKS, K., BAHN, E. & OKEY, L. L. 1967. The communicative act of oral interpretation. Boston, Allyn and Bacon. 428p.

- BROWN-AZAROWICZ, Marjory, F. 1970. A handbook of creative choral speaking. Minneapolis, Burgess. 148p.
- CLOETE, T. T. 1978. Betrokkenheid in die letterkunde. *Tydskrif vir geesteswetenskappe*, 18(1): 70-78, Mrt./Apr.
- COGER, Leslie I. 1963. Interpreters theatre: theatre of the mind. *The quarterly journal of speech*, 69(2):157-164, Apr.
- COGER, Leslie I. 1972. Physical actions and the oral interpreter. (In Doyle, Esther, M. & Floyd, Virginia H., eds. *Studies in interpretation*. Amsterdam, Rodopi NV. p. 275-286).
- COGER, Leslie I. & PELHAM, Sharron H. 1975. Kinesics applied to interpreters theatre. *The speech teacher*, 24(2): 91-99, Mrt.
- CRAIG, E. G. 1957. The art of the theatre (1st dialogue). (In *On the art of the theatre*. London, Butler and Tanner, p. 137-181).
- CROCKER, L. & EICH, L. M. 1964. Oral reading. Englewood Cliffs, N. Y., Prentice-Hall. 492p.
- DAICHES, D. 1956. Critical approaches to literature. Englewood Cliffs, N. J., Prentice-Hall. 404p.
- DALAN, Nonna C. 1971. Audience response to use of offstage focus and onstage focus in readers theatre. *Speech monographs*, 38(1): 74-77, Mrt.
- DE CONING, J. A. 1978. Die geliefde digter. *Buurman*, 8(3): 31-33, Mrt.- Mei.
- DEKKER, G. 1958. A. G. Visser. (In *Afrikaanse literatuurge=skiedenis*. Kaapstad, Nasou. p. 111-117).
- DE VILLIERS, M. 1969. Afrikaanse klankleer. Kaapstad, Balkema. 196p.
- DE WITT, Margueritte E. et. al. 1936. Practical methods in choral speaking. Boston, Massachusetts, Expression. 253p.
- DU PLESSIS, Vanessa. 1978. Om die waarheid te sê; 'n oorsig oor die lewe van A. G. Visser. *Gedenkuitgawe, Bylae tot Die Huisge=noot*, 9 (2912): 7-11, 3 Mrt.

- ESPINOLA, Judith C. 1974. The nature, function and performance of indirect discourse in prose fiction. *Speech monographs*, 41(3): 193-204, Aug.
- EYSEN, S. 1936. A. G. Visser. (*In Die Afrikaanse skrywerskring. Die Afrikaanse boek. Pretoria, Van Schaik. p. 61-65*).
- GEDENKUITGAWE. A. G. Visser, 1878-1929. 1978. Bylae tot die *Huisgenoot*, 9 (2912), 3 Mrt.
- GEETING, B. M. 1969. Interpretation for our time. Dubuque, Iowa, Brown. 315p.
- GEIGER, D. 1963. The sound, sense and performance of literature. Glenview, Ill., Scott, Foresman. 115p.
- GRAY, J. W. 1968. Perspectives on oral interpretation. Minneapolis, Burgess. 119p.
- GROBLER, P. du P. 1962. Visser na vyf-en-twintig jaar. (*In Verkenning. Kaapstad, Human & Rousseau. p. 64-73*).
- GROVE, A. P. 1962. Woord en wonder; inleidende studie oor die tegniek van die poësie. Kaapstad, Nasou. 129p.
- GROVE, A. P. 1963. Humor. (*In Letterkundige sakwoordeboek vir Afrikaans. Kaapstad, Nasou. p. 37*).
- GROVE, A. P. 1978. A. G. Visser: groeipunte in sy poësie. *Tydskrif vir letterkunde. Nuwe reeks* 16(3):9-12, Aug.
- GROVE, A. P. & BOTHA, Elize. 1970. Handleiding by die studie van die letterkunde. Kaapstad, Nasou. 160p.
- GROVE, A. P. & STRYDOM, S. 1972. Aantekeninge en kommentaar. (*In Voëlvlug. Pretoria, Van Schaik. p. 271-274*).
- GULLAN, Marjorie. 1937. The speech choir. N. Y., Harper. 284p.
- GULLAN, Marjorie. 1961. Choral speaking. London, Methuen. 88p.
- HANDHAAF; amptelike tydskrif van die FAK 15(4), Maart 1978. (Gedenkuitgawe A. G. Visser, 1878-1929). *Ere-red.*, P. J. Nienaber.

- HARRISON, C. A. 1971. Basic lore of the lecture recital. *The speech teacher*, 20(1): 10-15, Jan.
- HUNSINGER, P. 1967. Communicative interpretation. Dubuque, Iowa, Brown. 104p.
- KANNEMEYER, J. C. 1978. A. G. Visser en die voortsetting van die geestige vers. (In Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur Band 1. Kaapstad en Pretoria, Academica. p. 250-254).
- KEPPIE, Elizabeth E. 1966. Choral verse speaking. Massachusetts, Expression. 360p.
- KING, Judy Y. 1972. Chamber theatre by any other name ...? *The speech teacher*, 21(3): 193-196, Sept.
- KING, R. G. & DIMICHAEL, Eleanor M. 1978. Articulation and voice. N. Y., Macmillan. 453p.
- KLEINAU, Marion L. & KLEINAU, M. D. 1965. Scene location in readers theatre: static or dynamic? *The speech teacher*, 14(3):193-199, Sept.
- KRITZINGER, M. S. B. 1932. A. G. Visser as volksdigter. (In Letterkundige kragte. Pretoria, Van Schaik. p. 68-98).
- LANGENHOVEN, P. H. 1950. Sanger van die Suikerbosrand. Johannesburg, Voortrekkerpers. 206p.
- LEE, Charlotte I. & GALATI, F. 1977. Oral interpretation. Boston, Houghton, Mifflin. 568p.
- LE ROUX, T. H. & PIENAAR, P. de V. 1927. Afrikaanse fonetiek. Kaapstad, Juta. 240p.
- LESSAC, A. 1967. The use and training of the human voice. N. Y., DBS Publications. 297p.
- LIEBENBERG, O. J. 1978. A. G. Visser, die digter. *Handhaaf*, 15(4):13-15, Mrt.
- LONG, Beverly W., HUDSON, L. & JEFFREY, Phillis R. 1977. Group performance of literature. Englewood Cliffs, N.Y., Prentice-Hall. 354p.

LOUW, N. P. van WYK. 1972. Geestigheid in die poësie, en Volkspoësie. (*In* Opstelle oor ons ouer digters. Kaapstad, Human en Rousseau. p. 9-16 en 105-138).

LOUW, W. E. G. 1950. Die Afrikaanse poësie na 1900. (*In* Van den Heever, C. M. & Pienaar, P. de V. *reds.* Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, Deel III. Kaapstad, Nasionale Boekhandel. p. 285-287).

LOWREY, Sara & JOHNSON, Gertrude E. 1953. Interpretative reading. N. Y., Appleton-Century-Crofts. 595p.

LYNCH, Gladys E. & CRAIN, H. C. 1959. Projects in oral interpretation. N.Y., Holt. 320p.

MACLAY, Joanna H. 1971. Readers theatre: toward a grammar of practice. N. Y., Random House. 110p.

MOUAT, L. H. 1962. Reading literature aloud. N. Y., Oxford University Press. 250p.

NASIONALE AFRIKAANSE LETTERKUNDE MUSEUM EN NAVORSINGSENTRUM. 1977. A. G. Visser in beeld - Gedenkalbum. Johannesburg, Perskor. 106p.

NIENABER, G. S. 1941. Ambisieuse poginge - literatuurgeskiedenis en kritiek. (*In* Afrikaanse letterkundige kritiek. Bloemfontein, Nasionale Pers. p. 73-96).

NIENABER, P. J. *red.* 1950. A. G. Visser, digter en sanger. Johannesburg, Voortrekkerpers. 206p.

NIENABER-LUITINGH, M. 1967. Digters en digsoorte. Johannesburg, A P B. 235p.

NIENABER-LUITINGH, M. & NIENABER, C. J. M. 1965. Woordkuns. Pretoria, Van Schaik. 203p.

OPPERMAN, D. J. 1974. Die poësie van A. G. Visser - Van Wyk Louw beantwoord. (*In* Naaldekokker. Kaapstad en Johannesburg, Tafelberg-uitgewers. p. 8-18).

OPPERMAN, D. J. & NIENABER, C.J.M. 1966. A. G. Visser 1878-1929. (*In* Dubbelloop. Kaapstad, Nasionale Boekhandel. p. 105-109).

PIENAAR, E. C. 1931. Dr. A. G. Visser. (*In Taal en poësie van die tweede Afrikaanse Taalbeweging.* Kaapstad, Nasionale Pers. p. 501 - 544).

PIENAAR, Lydia. 1978. Poësie. (*In Die kind en sy literatuur.* Kaapstad, H A U M. p. 130 - 137).

PIENAAR, P. de V. 1939. Praat u beskaaf? Johannesburg en Pretoria, Voortrekkerpers. 196p.

POST, R. M. 1974. Ensemble oral interpretation. *The speech teacher*, 23(2): 151-155, Mrt.

REITZ, M. 1966. The application of selected dramatic theories of Stanislavski as a solution to disunity in readers theatre. *The speech teacher*, 15(3): 191-196, Sept.

SANDIFER, C. M. 1971. From print to rehearsal: a study of principles for adopting literature to readers theatre. *The speech teacher*, 20(2):115-120, Mrt.

SCHUTTE, Hannie J. 1978. Visser as parodiemaker. *Tydskrif vir letterkunde*, Nuwe reeks 16(2): 13-21, Mei.

SESSIONS, V. D. & HOLLAND, J. B. 1968. Your role in oral interpretation. Boston, Massachusetts, Holbrook. 326p.

SIMLEY, Anne. 1968. Oral interpretation handbook. Minnesota, Burgess. 62p.

SWANN, Mona. 1956. An approach to choral speech. London, Macmillan. 87p.

VAN DER WALT, P. D. 1970. Visser-bydraers 'n goeie vonds. *Die Transvaler*, 33(181): 8 kol. 3,4 en 5, 4 Mei.

VAN RENSBURG, F. I. J. 1978. Roos en lanset. Pretoria, Van Schaik. 76p.

VEILLEUX, J. 1967. Oral interpretation: the re-creation of literature. N. Y., Harper & Row. 448p.

VEILLEUX, J. 1969. Convention and style in interpretation. *The speech teacher*, 18(3): 197-199, Sept.

VEILLEUX, J. 1972. Some aphorisms for readers theatre. *The speech teacher*, 21(1): 64-66, Jan.

VENTER, E. A. 1978. A. G. Visser; in woord en beeld. Pot=chefstroom. 134p.

YOUNG, J. D. 1970. Evaluating a readers theatre production. *The speech teacher*, 19(1):37-42, Jan.